NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Facebook: https://www.facebook.com/noordsin/

**19 Januarie 2024: Nr 01/2024**

## 2024



### ‘n Nuwe jaar – nuwe dinge !!!

*Dewyk Ungerer*, moderator van die Noordelike Sinode skryf: “Ons begin die jaar 2024 met verskillende emosies en omstandighede. Berigte en gerugte van oorloë, natuurrampe, ekonomiese en sosiale uitdagings oor die wêreld heen. Uitdagende tye – maar ook opwindende tye met soveel geleenthede waar elkeen van ons hoop kan bring en ‘n verskil kan maak.

Mag jy 2024 ingaan met die wete: Die genade van ons Here, Jesus Christus; die liefde van God, ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees vergesel jou elke tree van hierdie jaar!

Tans word daar meegeding om die beste sokkerspan in Afrika te wees; die moordende Dakar-woestynwedren loop ten einde en later die jaar vind die Olimpiese Spele plaas. Elkeen van hierdie deelnemers het vir hulleself ‘n doelwit gestel in dit wat hulle doen en wil bereik.

So vertrou ek dat elkeen van ons ook doelwitte of drome het vir die jaar wat voorlê. Om jou doelwit te bereik is die volgende belangrik: Jy moet vir jouself ‘n haalbare en uitvoerbare doelwit stel; jy moet elke dag werk aan die bereiking daarvan; volharding is die kern van sukses. Wat ook belangrik is in die bereiking van jou doelwit is om aanpassings of verstellings te maak waar dit nodig is.

Vir my is een van my drome om voorspoedig te wees – in die groot sake en in die klein dingetjies. Graag deel ek met jou ’n stukkie uit die biografie van Koning Hiskia oor sy voorspoed en sukses:

*“20 So het Hiskia dwarsdeur Juda gedoen. Hy het gedoen wat goed en reg en eerbaar is in die oë van die Here sy God.*
*21 In alles wat hy onderneem het ter bevordering van die tempeldiens en die gehoorsaamheid aan wet en gebod, het hy met sy hele hart gevra na die wil van sy God, en daarom was hy voorspoedig.”* (2 Kronieke 31:20-21)

Mag hierdie woorde ook in jou biografie geskrywe word. Mag ek en jy droom van, en deel wees van die:

*MISSIO DEI*
*– God se sending in hierdie wêreld –*

## Warmnuus




### Eerstejaarskamp 2024

Universiteitsoord skryf: “Swot jy hierdie jaar in Pretoria? Begin jou studente lewe op die regte manier en kom kamp saam vanaf *29 Januarie – 2 Februarie* by Universiteitsoord se Eerstejaarskamp!

Kom maak lewenslange vriende en vind ‘n onder-steuningsnetwerk met seniors wat jou raad kan gee oor hoe om die studentelewe aan te pak. Neem deel aan allerhande aktiwiteite soos watersport en speletjies asook geestelike sessies wat jou sal toerus vir die nuwe seisoen in jou lewe.

Hoe om in te skryf? Gaan na ons webblad https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp of gaan volg ons op instagram by @unioord.

# Sinodenuus

## ❖ Fokus '24

Die Sinodale Diensraad het besluit dat 2023 se tema, **"Hou mekaar vas"**, in 2024 voortgesit gaan word. Die logo wat verlede jaar ontwerp is, is onvolmaakte sirkel, wat simbolies daarvan is dat ons beste pogings dikwels onsuksesvol is. Dit inspireer ons om telkens met nuwe ywer moeite te doen.

Vir 2024 word dieselfde logo gebruik. Daar is egter 'n bietjie kleur by. Dit herinner ons daaraan dat ons die tema met 'n vars aanslag moet aanpak.

**Vir die verskillende variasies** wat gemeentes kan gebruik, sien keuses hieronder: *Blou agtergrond en grys hande [kliek hier]; *Donker blou agtergrond en ligter blou hande [kliek hier]; * Ligter blou agtergrond en donker hande [kliek hier]; * Ligter bou agtergrond en bruin hande [kliek hier]; Logo - Hou mekaar vas – Fokus '24 [kliek hier]

In die lig van die voorafgaande gaan daar vir Pinkster 2024 weer materiaal beskikbaar gestel word, sodat alle gemeentes, sover moontlik, oor dieselfde tema, nl. ***"Hou mekaar vas"***, kan Pinkster hou.

Die materiaal sal deur 'n taakspan o.l.v. Bernice Serfontein voorberei word. Die moontlikheid van materiaal spesifiek vir die jeug, sal ook ondersoek word.

# Kolleganuus



## ❖ Innige simpatie

**Rinus Wasserman** [Kerk-in-Suid] is op *24 Desember* aan kanker oorlede. Sy familie, vriende en die gemeente het op Saterdag *30 Desember* van hom afskeid geneem.

## ❖ Bewegings





<<< **Corné Burger** [Louis Trichardt] het die beroep na Jan Kempdorp aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op Sondag *21 Januarie* plaas.

>>> **Dewald Roux** [Vorentoe] het die beroep na Waterkloof aanvaar. Die gemeente neem Sondag *21 Januarie* van hom afskeid. Hy word op Sondag *4 Februarie* in Waterkloof bevestig.





<<< **Louis Venter** [demissie] het die beroep na Pretoria-Oos aanvaar. Sy bevestiging vind op Sondag *21 Januarie* plaas.

>>> **Botha van Aarde** [Groenkloof] ontvang op 21 Januarie sy akte van Demissie by Emeritaat. Hy gaan op 'n kontrakbasis steeds voortgaan met sy verantwoordelikhede as Uitvoerende Hoof van die SKDBM.




<<< **Stefan Botha** [Andrew Murray] het 'n beroep na 'n Presbeteriaanse gemeente in Ontario, Kanada aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op Sondag *11 Februarie* om 09:00 plaas.

## ❖ Verjaarsdagwense

14/01 Michiel van der Merwe [Emeritus]
17/01 Tiaan van Niekerk [Rietfontein-Noord]
19/01 Fritz Snyman [Universiteitsoord]; Toon van der Merwe [Emeritus]; Paul du Toit [Emeritus]; Fanie Scheepers [Emeritus]
22/01 Pieter Simpson [Emeritus]
25/01 Matie Horn [Pietersburg]; Abraham Viviers [Waterberg]
27/01 Lizette van Rooyen [Magalieskruin]
--------------------------------------------------------------------------------
15/01 Vera Viviers [Eggenote van Abraham Viviers, Waterberg]
16/01 Marlisa Burger [Eggenote van Paulus Burger, Ooskerk]

17/01 Jukie de Vos [Eggenote van Wouter de Vos, Wonderboompoort]; Anina Schunke [Eggenote van Carl Schunke, Koedoesrand]
26/01 Roelof van Rooyen [Eggenoot van Lizette van Rooyen, Magalieskruin]
27/01 Nerene Grobler [Eggenote van Paul Grobler, Sinodehuis]




## Gemeentenuus

Brits [22/01/1949]
Wespoort [22/01/1949]
Villieria [22/01/1944] **>>>**

## Toerusting

### ❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

**Program vir 2024**: **Kliek hier** om meer uit te vind van kursusse wat deur die jaar aangebied word.

**Daar is lewe vóór en ná aftrede: Om sinvol af te tree**



*30-31 Januarie*
Waar: NG Suidoos-Pretoria [Stellastraat] – h/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Aanbieders: Petrus Moolman, Johan Pienaar, Faure Louw, Martin Lazenby en Theo Smith
VBO: 20 punte; Inskrywing: https://forms.gle/9VyMPrvwR8gFUpit9 Navrae: Rika by excelsus@up.ac.za.

### ❖ Ander Toerustingsgeleenthede

**Kleingroep werkswinkel**

*15 Februarie* [18:30-21:00] & *16 Februarie* [08:00-13:00]
'n Kompakte werkswinkel vir versnelde groei van kleingoepbediening.; KSM Midstream-kampus. Bespreek hier: manie@smallgroupnetword.com / 082 770 7465. [**Lees hier meer**]

**Geloofsreis**




## Ander nuus

### ❖ Vakatures

**Kerkbode:** **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Waverley: Deeltydse permanente pos**
Die gemeente is in die hart van die Moot, in Pretoria.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *31 Januarie* [**Kliek hier** om verder te lees].

## ❖ Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [**hermien@noordsin.co.za**]. Die volgende persone het reeds gereageer:

* ***André Smuts*** [Pretoria omgewing]: sasmuts@tsa.co.za
* ***Ernst Muller***: gaius117@gmail.com / 082 656 1107.

# Naskrif

**"The most beautiful people we have known are those who have known defeat, known suffering, known struggle, known loss, and have found their way out of the depths. These persons have an appreciation, a sensitivity, and an understanding of life that fills them with compassion, gentleness, and a deep loving concern. Beautiful people do not just happen."**

***Elisabeth Kubler-Ross***